


S.A. POLISIE EN
SWERWER-
SPEURDER
REEKS
NR.2
MONSTER UIT
DIE MIS
braam le roux

Die Mealo beweeg op daardie oomblik vinnig, en 'n sekonde later weergalm die grotkelder 'n skoot klap. Nog 'n skoot volg 'n gedeelte van 'n sekonde later. Die twee weerklanke smelt saam en dawer deur die grot. Die meisie gil en hardloop vorentoe. Kobus sien hoe die oubaas met sy linkerhand na sy bors gryp, hoe dat die rewolwer uit sy hand val. Hy sien die rook uit die Mealo se rewolwer borrel. Toe die grysaard val, is Tersa by. Met 'n kreet werp sy haar op die ou man se bors.





## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Fakkels in die Nag | 3 |
| 2. | Oë van die Dood | 12 |
| 3. | Die Vlermuis en die Skaduwee | 22 |
| 4. | Skeur in die Berge | 30 |
| 5. | Mis op die Berge | 39 |
| 6. | Geluid uit die Aarde | 48 |
| 7. | Klam Vingers | 57 |
| 8. | Die Bloeddorstige Vlermuis | 66 |
| 9. | Die Honde sny spoor | 75 |
| 10. | Blik op die Horison | 84 |


Hoofstuk 1

# FAKKELS IN DIE NAG

Teen middernag het Kobus Roode nog nie geslaap nie. Hy klim nou weer onder die kombers uit en beweeg stil tot op die wal van die rivier. 'n Suisende wind waai van die berge se kant af en streel teen sy wang. Aan sy voete murmel die water verby. Agter hom, voor die klein tentjie, slaap sy maats rustig voort. Hy kan Markus Erlank hoor snork, terwyl Gerard Hugo pas weer in sy slaap iets gemompel het van groot visse. Hy weet dat sy vriend gek is na visvang, en hy vind dit nie meer snaaks dat selfs Gerard se drome vol visse is nie.

Daar is iets soos onrus binne-in Kobus. Dit is nie dat hy bang is nie. Hy en Markus en Gerard het al verskeie vakansies deurgebring en vir weke alleen hier in die Basoetolandse berge kampeer. Hulle kom gewoonlik met hulle perde en met twee pakesels hierheen. Witzieshoek waar hulle woon en waar hulle skoolgaan, is ongeveer agttien myl van hierdie wonderlike natuurskoon af. Maar dit is vir hulle 'n hanetreetjie van die dorpie af tot hier. Hier langs die Motitirivier staan hulle maar tien myl van die Basoetolandse grens af.

Kobus Roode luister aandagtig na die naggeluide, ou bekende geluide waarvoor hy nie hoef bang te wees nie. Af en toe hoor hy 'n nagarend se gekras teen die kranse, en dan is dit weer 'n uil wat soos 'n gedaante hier oor die rivier fladder en tussen die donker bome in verdwyn, halsoorkop bo-oor die slapendes voor die proviandtentjie. Die drie perde en die twee donkies laat ook soms van hulle hoor. Dan is dit 'n onderdrukte proes en 'n ongeduldige gestamp van 'n hoef op die klipperige aarde.

Daar is bepaald iets wat vir Kobus Roode hinder. Hy voel net onrustig, so of daar iets gaan gebeur. Soms voel hy so. Sy oorlede vader het altyd geskerts dat hy met die helm gebore is. Maar dit is seker nie so nie, want Kobus het nog geen spook in sy hele leeftyd van agttien jaar gesien nie.

Kobus plaas sy hande in sy sye en skielik hoor hy die gegrom van tierboskatte oorkant die rivier teen die hangkranse. 'n Glimlag plooi om sy mondhoeke. Hy begeer al lankal 'n paar van daardie katte se velle en hy wens heimlik dat hulle dit 'n bietjie nader aan die kamp wil waag.

Hy streel met sy hande oor sy bruin hare, wat baie selde 'n kam sien omdat harde borselkophare soos syne nie eintlik 'n kam en borsel nodig het nie. Die hare is te hard en kort om ooit deurmekaar te raak.

Hy drink die lug diep in en kyk na die donker gestaltes van die kranse aan die oorkant.

Op daardie oomblik kom daar 'n luide gebrul van die oorkant af. Kobus staan onwillekeurig 'n paar passe agteruit. Die enigste vuurwapen wat hulle met hulle saamgebring het, is die .22-geweer wat Kobus lank gelede van sy suster as geskenk ontvang het. Hy weet dat dit 'n luiperd is wat daar van hom laat hoor, en hy het nog altyd begeer om een van daardie mooi diere plat te trek. Daarom staan hy nou haastig terug, raap die geweer op en kom dan weer vinnig terug. Die gebrul weerklink weer daar van die oorkant af tussen die diep skaduwees wat onder die kranse lê.

Kobus het die luiperd se gebrul al vroeër in die aand gehoor en nou dink hy vir 'n oomblik dat dit moontlik die nabyheid van die luiperd was wat hom onrustig gestem het, wat hom uit die slaap gehou het, want die begeerte om die trotse besitter van 'n tiervel te wees, is intens in hom. So 'n luiperd kan ook maklik onder die donkies en die perde invlieg, want die drie kampeerders maak selde 'n vuur vandat die kluisenaar in die berge, Sybrand Meiring, hulle verlede vakansie gewaarsku het dat daar snags vyandige swartes in die berge rondbeweeg. Die geheimsinnige en koddige oubaas het beweer dat dit swartes is wat vroeër in die jaar uit die Bloemfonteinse tronk ontsnap het. Van daardie dag af het Kobus se boesemvriend, Markus Erlank, gesorg dat die kampvuurtjie vroeg geblus word.

'Ek veg eerder met my blote hande met 'n tier as met 'n swetterjoel swartes!' was Markus se sienswyse.

'n Drukkende stilte volg. Selfs die nagarende teen die kranse swyg. Dis net die stroom wat stilweg, met 'n sagstrelende lied aan sy voete verbystoot.

Skielik klink 'n slaperige stem agter Kobus op.

'Kom slaap, Kobus. Is jy tog nie bang vir 'n ou tiertjie nie?'

Dit is Gerard Hugo, en Kobus hoor dat Markus Erlank nog heerlik lê en snork. In hierdie stadium sal selfs 'n bom hom nie uit sy slaap wek nie.

'Ek is nie bang nie, Gerard. Ek sou graag so 'n tiervel wil hê.'

Gerard gaap lui en mompel:

'Natuurlik . . . en dan sal jy dadelik met die vel na Frieda toe draf.'

Kobus hou nie van daardie aanmerking van Gerard nie. Dit is een ding wat vir Gerard en hom altyd in botsing met mekaar bring—daardie ewige gespot met Frieda. Dit is sekerlik geen geheim dat Kobus baie van Frieda hou nie, maar Gerard maak altyd gebruik daarvan om vir hom, Kobus, te verkleineer, omdat hy self maar



vlerksleperig is by Frieda, en nie net by Frieda nie, want Gerard het nogal sukses met nooiens, en die afgelope tyd kry hy meer reg met Frieda as hy. Gerard was al 'n slag saam met haar Harrismith toe vir die katkisasieklasse.

'Lê jy maar onder die komberse, Gerard. Ek sal jou beskerm ingeval die tier oor die rivier kom!'

Gerard mompel weer, maar gaan lê en trek die komberse oor sy kop, want die tier begin weer grom, en Gerard is verdeksels vaak en moeg van die lang end pad wat hulle afgelê het. Daarby voel hy nog nie juis lus vir vakansie hou nie, al het die skole gesluit, want die onsekerheid oor die eksamenuitslae kwel hom nog gedurig. Hy sal eers lekker vakansie kan hou as hy weet dat hy in die matrikulasie-eksamen geslaag het. Dan sal hy behoorlik feesvier, maar dit lyk asof Kobus Roode die lewe terdeë geniet, want al is hy 'n middelmatige student, sorg hy altyd dat hy net-net deurkom, en hy kwel hom blykbaar nooit oor eindeksamens nie.

Gerard dut weer in. Die aanhoudende gesnork van Markus Erlank hinder hom 'n bietjie, maar weldra word die gesnork van Markus en die gegrom van die tier in die rotsskaduwees, een geluid in sy drome. Dit is vir hom lankal nie meer 'n grommende tier en 'n snorkende mens nie, maar 'n krokodil wat rasend die water uitskiet en blaas asof die reptiel die trompet van 'n olifant geleen het.

Kobus Roode staan nog langs die wal. Hy het nog niks aan die oorkant van die rivier gewaar nie. Oorkant groei daar feitlik geen bosse nie. Die wal is kaal tot teenaan die steil rotse. Maar tog gewaar Kobus Roode niks nie. Hy laat sak die geweer effens en dink dat die tier miskien nou die hasepad gekies het, want die arme dier moes Markus se gesnork gehoor het, en Kobus neem dit die roofdier nie kwalik as hy rieme neergelê het nie, want Markus se gesnork laat mens altyd aardig voel. Dit laat mens aan spoke dink, so onaards kan dit dikwels in 'n stil nag opklink.

Kobus stap terug na die tent toe en buk om die geweer onder die tent in te druk. Hy sal maar weer gaan inkruip. Die bergwind begin koud word. 'n Rustige stilte daal nou op die landskap neer. Daar is sterre in die gewelf bo. 'n Sterbesaaide pad glinster van noord na suid bo in die hemelruim, maar die vae onrus groei steeds in Kobus. Hy staan vlak by Markus se kop en tuur teen die swart rotse op.

Skielik gaan daar 'n rilling langs sy ruggraat af. Uit die klowe klink skielik die gesing van swartes op. Dit klink barbaars en die windvlae dra dit ver na hom toe aan daar uit die diep donker klowe voor hom in die duisternis, waar die Drakensberge soos 'n oermonster swart en

gebroke teen die gesigseinder lê.

En nou vang sy oog 'n beweging. Hy staar verstom daarna. Hoog teen die kranse op beweeg daar ligte. Vir 'n oomblik lyk dit soos reuse-vuurvliegies wat op en neer dartel. Kobus stap vinnig tussen die doringbosse deur. Dit is vir hom 'n eienaardige verskynsel. Daar is 'n hele streep ligte, en hulle beweeg al teen die berg af. Die gesing van swartes klink nog steeds vreesaanjagend in die nag op hier in die klowe waar elke geluid 'n legio eggo's voortbring. Kobus het nooit kon dink dat enige menslike wese teen daardie kranse kan beweeg nie. Bedags lyk dit so styl daar, maar tog beweeg daardie ligte teen die swart helling af, baie stadig, en soms lyk dit werklik soos dartelende vuurvliegies, maar dan moet dit reuse-vliegies wees, minstens so groot soos 'n man se kop.

Kobus staar nog 'n lang rukkie daarna. Dan raak hy oortuig daarvan dat daardie ligte in die hande van mense, swartes, vasgehou word, wat stadig teen die gevaarlike steiltes af beweeg. Die singende stemme klink nou luid op. Dit is 'n eentonige geneurie van baie stemme wat 'n deuntjie, soos primitiewes lief is om te doen, oor en oor herhaal.

Kobus en sy maats kampeer jaar ná jaar in hierdie buurt. Daar gaan nie 'n skoolvakansie verby of hulle is hier tussen die struike en dorings, tussen die majestueuse berge nie. Maar in al die jare het hulle nog nooit 'n swarte in hierdie buurt aangetref nie. Geen enkele mens het hierlangs beweeg nie, behalwe hulle drie, hy, Markus en Gerard. Hulle het hierdie omgewing aan die walle van die Motiti-rivier wat hoog in die voue van die Drakensberge ontspruit, as hulle heiligdom beskou. Eers wanneer hulle na Witzieshoek toe beweeg, in die Vrystaat, het hulle swartes teengekom. Maar hier . . . hier was dit net altyd hulle, die tiers, die arende en die berge . . . en dan natuurlik die kluisenaar, die kluisenaar wat hulle 'n jaar gelede hier tussen die kranse ontmoet het, die interessante, maer en krom ou man met die lang grys baard, wat geheimsinnig en alleen in die diep klowe woon, geen drie myl van waar hulle kamp is nie. Aanvanklik het hulle hierdie eensame kreatuur se naam nie geken nie, maar stadigaan het hy nogal Kobus, Markus en Gerard se besoeke verwelkom. Veral van Kobus het hy later baie gehou. Dit is maar onlangs dat Kobus Roode uitgevind het wat die ou kluisenaar se naam is. Sybrand Meiring. As hulle by die skool van die kluisenaar vertel het, het niemand geglo dat hulle die waarheid praat nie, en Kobus-hulle het geen moeite gedoen om meer van die kluisenaar te vertel nie, want oom Sybrand Meiring het hulle in een stadium gesmeek om niemand in die dorp van sy



eensame verblyf hier in die hooglande te vertel nie. Hoewel Kobus-hulle weet wat sy naam is, bly sy verlede en herkoms vir hulle duister. Hulle weet nie hoe oom Sybrand hier in die berge gekom het nie, of hy kinders het nie. Hulle weet net dat hy 'n kluisenaar is wat Afrikaans met 'n sterk Hollandse aksent praat en wat lewe van wilde vrugte en voëls wat hy met 'n aanmekaar getimmerde slagyster vang.

Daardie liggies kan tog nie vanself beweeg nie, en die geneurie van baie stemme kan tog nie die geblaas van die wind deur die klowe en barste in die rotse wees nie, want hier waai feitlik geen wind nie. Daar is net 'n vars luggie wat al langs die rivier af van die berge afsypel.

Kobus begin die liggies te tel. Daar is vyftien liggies wat in 'n ry af dartel na die leegtes toe. Die heel voorste liggie verdwyn egter telkens en dan kom daar 'n nuwe een van agter af by. Dit word vir Kobus Roode duidelik dat die mense wat daar met fakkels teen die berg afsukkel, een-een agter die rotse en bosse onder verdwyn en dat daar telkens weer een-een bo-op die hoogste punt van die berg verskyn.

Waar beweeg hierdie liggies heen en wat soek die mense wat hulle hanteer, in die nag hier tussen die verlate klowe waar daar nie eers 'n stroois in die nabyheid is nie?

Kobus draai vinnig om en hardloop terug na die slapendes toe, maar hy bots byna teen Gerard wat agter hom gestaan het. In die lig van die sterre sien hy Gerard se deurmekaar hare en die krul wat dreig om oor die regteroog te val.

'Wat gaan daar aan, Kobus?' vra Gerard en vryf sy oë. 'Dit is wat ek graag sal wil weet!'

'Dit . . . dit is swartes. Hulle bromgeluide het my wakker gemaak. Wat die ongeluk gaan aan? Dit lyk soos 'n optog . . . soos 'n seremoniële optog.'

Kobus kom agter dat Markus nie meer snork nie. Hy sien nou hoe sy boesemvriend die komberse wegklap, opspring en na hulle toe aangehardloop kom. Markus hou sy kort broek met die een hand vas en poog met die ander hand om sy digte bos hare wat weerbarstig in alle rigtings staan, reg te stryk.

'En dit?' vra hy verbaas.

'Dit is swartes met fakkels wat teen die berghelling af beweeg, skat ek,' laat Kobus hoor.

Markus se breë mond vertrek en sy donker bruin oë trek op skrefies.

'Ek . . . ek . . . Hier is geen kraal in die nabyheid nie.'

'Maar dit is so baie, Gerard!' kom dit weer van Markus.

'Ja, dit is,' antwoord Kobus afgetrokke. 'Ek het alreeds dertig

liggies getel. Dit lyk nie of daar nog volg nie. Kyk, die laaste fakkel is al amper heel onder.'

Gerard rek hom uit en gaap.

'Aag, kom ons gaan slaap . . . Dit is biersuipers wat an troue vier.'

Gerard trek sy broek op, draai om en stap terug, maar Kobus en Markus bly staan. Hulle staar na die donker berg totdat die laaste liggie verdwyn en die eentonige gesing van die swartes gedemp na hulle toe aangolf.

'Kom, laat ons gaan slaap, Kobus. Jy hoor wat sê Gerard. Dit is 'n trou-seremonie.'

'Ek glo nie,' antwoord Kobus. 'Dit is te ver van die naaste krale. Volgens oom Sybrand is ons hier ten minste dertig myl van die naaste stat af. En daardie stat lê in Natal, oorkant die Drakensberge. Hoekom sal hulle hier kom feesvier, Markus?'

'Dalk . . . dalk is dit 'n jagtog . . . Die Basoeto's jag in groepe.'

'As dit 'n jagtog is, sal hulle nie so sing nie. Dan verdryf hulle mos die wild.'

'Ook weer waar . . . Onthou jy dat oom Sybrand ons verlede September gewaarsku het dat rondloperswartes hierdie deel al hoe meer besoek?' vra Markus.

'Ek het juis daaraan gedink. Maar dit is nie so baie nie. Oom Sybrand het gesê dat hy oortuig daarvan is dat hier 'n paar ontsnapte bandiete die berge in gevlug het. Een van die rondlopers het glo rooi klere gedra.'

'Dit is waar . . . Dink jy dit is hulle wat so sing?'

'Nee, omdat die klompie wat daar teen die berg af beweeg het, dertig tel, as ek moet aanneem dat elke swartman 'n fakkel dra. Daar is seker nie soveel tronkvoëls wat ontvlug het nie. Nee, dit klink meer na feesvierendes, maar waarom sou hulle in hierdie godverlate buurt kom feesvier?'

'Ons weet . . . hier is ook nie 'n dorp naby nie, en hier sit ons drie witmense,' merk Gerard spottend op.

Markus en Kobus staan vir etlike oomblikke stil. Die gesing klink nou dof en vaag in hulle ore. Kobus is seker dat die swartes wat daar sing, as dit swartes is, nou doelbewus sagter sing.

Die twee staan nog so voor hulle en uitstaar, toe dit skielik stil word, 'n intense stilte waarin die gekabbel van die stroom vir 'n oomblik glad nie gehoor word nie. Dit is 'n soort stilte wat gewoonlik voor 'n donderstorm heers, 'n stilte waarin mens soms vir jou kan verbeel dat jy die berge en dooie dinge van die aarde om jou kan hoor asemhaal.



'Hulle is skielik doodstil, Kobus. Ek gaan 'n vuurtjie aansteek.'

'Dit is presies wat jy nie moet doen nie,' sê Kobus.

'Dink jy . . . dink jy dat hierdie swarts vyandig gesind is?'

'Mens weet nooit nie, Markus.'

En dan mompel Kobus ingedagte tot homself:

'Dertig mense met fakkels wat singende teen die helling van die berg afsak. Dit is voorwaar iets buitengewoons . . . iets wat ek nie kan begryp nie.'

Gerard is al weer onder die komberse en hy roep nou herhaaldelik na sy twee maats. Toe Kobus omdraai en stadig terugstap na die tentjie toe, heers daar nog steeds 'n doodse stilte. Die gesing van die fakkeldraers het so skielik opgehou soos dit begin het. Kobus is glad nie meer seker of dit wel die fakkeldraers was wat netnou so 'n primitiewe lied geneurie het nie. Alles is vir hom onverklaarbaar. Hy voel nou op hierdie oomblik lus om ondersoek te gaan instel.

Stadig kruip Markus weer onder die komberse langs Gerard in.

'Moet nou in vadersnaam nie meer so ronddwaal nie, Kobus! Kom slaap! Môre gaan ons daar tussen die rotse na geelvisse soek. Dan kan ons sommer kyk of daar enige spore teen die helling te vind is. Dalk het ons nog spoke gesien . . .'

'En gehoor,' val Markus vir Gerard in die rede, 'en ek het nog altyd gedink dat spoke juis geen geluide maak nie.'

Kobus neem die .22-geweertjie weer ongesiens, sit dit op die grond langs hom neer en kruip sugtend onder die komberse in. Dit begin nou taamlik koud word, en Kobus skat dat dit 'n hele entjie aan middernag verby moet wees. Hy lê met sy hande onder sy kop en begin die helder sterre bo in die firmament te tel. Maar hy kan nie vaak word nie. Telkens betrap hy homself dat hy na al die geluide lê en luister. Soms is sy oë wawyd oop, asof hy afwagtend luister, asof hy verwag dat daar nog vannag iets moet gebeur.

Etlike oomblikke later snork Markus weer. Dit lyk dus asof hy die bewegende fakkels al heeltemal vergeet het. Gerard haal ook diep asem, 'n duidelike teken dat hy alreeds weer ver in droomland is. Die slaap het egter heeltemal van Kobus Roode gewyk. Sy gedagtes het sommer 'n koers ingeslaan. Hy kan nie ophou dink nie. Hy kan nie help om te luister nie, en hy kan nie help om hier onrustig te lê en wag dat iets moet gebeur nie.

Ineens runnik een van hulle ryperde hier digby hom, en hy hoor hoe hulle rondtrippel en proes.

Werktuiglik kom Kobus die volgende oomblik in beweging. Hy kruip onder die komberse uit. Hy tel die geweer op en stap dan vinnig

na die tent toe waar al hulle proviand gebêre is. Hy onthou nou dat hy 'n flits met twee batterye ingepak het. Hy vroetel vir lang oomblikke tussen die rugsakke en eetgoed, en eindelik het hy dit. Hy skakel dit vinnig aan om te sien of dit nog brand. Hy doof dit dadelik uit toe hy die geel lig teen die seil sien val.

Met die geweer onder sy arm vasgeknyp en die flits in sy linkerhand, stap hy tussen die doringbome in. Hy beweeg al langs die wal. Met elke tree beweeg hy nader aan die swart berge hier voor hom, waar die ligte netnou af beweeg het. Daar is geen verdagte geluid wat hom laat aarsel nie. Daar is slegs die ou bekende geluide van die natuur—die gekras van arende teen die kranse, die kabbelende rivierwater en af en toe 'n tier wat ver brul.

Toe hy ongeveer tweehonderd tree van die kamp af is, gaan staan hy stil. Die rivier maak hier 'n draai tussen die rotsagtige berge in. Die water vloei stadiger tussen die tamaai rotse deur. Kobus kan die water skaars sien beweeg. Daar is feitlik geen geluide wat verraai dat die water beweeg nie. Dit lyk in die sterrelig asof dit roerloos lê, soos 'n plas water pas ná die reën.

Die gebergte hier voor hom lyk grynsend, soos 'n dreigende monster uit die donker eeue. Hier waar hy nou staan, begin die voetheuwels wat al hoër die hemelruim in skiet hoe nader mens aan die grynsende Drakensberge kom. Die rivier raak hier heeltemal tussen die legio heuwels weg. In hierdie nag lyk die voetheuwels soos reuse-trappe wat oplei na die Drakensbergtes.

Kobus kry nou skielik die idee dat daardie fakkels netnou teen daardie groterige heuwel af beweeg het. Die fakkeldraers was dus moontlik baie ver van hulle af gewees, en die prosessie kan moontlik nou in die leegte of kloof tussen die voetheuwels wees. Daarom sien hy hulle nou nie en daarom het die singgeluide ook nou opgehou. Die sangers beweeg nou moontlik hier êrens agter die naaste heuwels, en moontlik sal hulle enige oomblik weer tevoorskyn kom en sal die gesing weer opbruis en na hom toe aangewaai kom.

Hy staan nog en nadink, toe daar skielik 'n lig in die rivier om die draai verskyn. Dit is 'n lig wat vinnig nader sweef. Kobus dink om haastig skuiling te soek, maar voordat hy agter 'n rotsblok wegduik, swiep nog 'n lig tevoorskyn, en toe verskyn daar sommer baie gelyk. 'n Hele ry van ligte sweef nou op hom af. Die bewegende ligte op die water gaan nie gepaard met geluide nie. Dit is kompleet asof hulle geruisloos nader gly, reg op Kobus af.

Ademloos staan Kobus agter die rots. Sy blik is op die ligte gevestig. Skielik is die voorste geen tien tree van hom af nie, en in die lig van sterre maak Kobus die volgende oomblik die vae omlyning van 'n roeiboot uit. Hy kan nou sien dat dit werklik 'n fakkel is wat op elke boot is. Die vlam van die voorste fakkel flikker lewendig, en in die lig daarvan sien Kobus swart gesigte—nat gesigte, nat van sweet of water.

Net 'n oomblik en die boot gly geruisloos hier by hom verby, gevolg deur nog een en dan nog een. Hy probeer die swart gesigte op elke boot tel, maar hy kan nie bybly nie.